OPVOEDKUNDIGE DIENSTE

ARBEIDSTERAPIE

Me Melanie van der Walt is Laerskool Elarduspark se Departementshoof van Opvoedkundige Leiding. Die rol van hierdie departement is om te sorg vir die welstand van leerders en gesinne asook ondersteuning te bied op akademiese en emosionele vlak. Me van der Walt is die koördineerder tussen die Eenstophulpdienste, die skoolbestuur en die departement van onderwys om sodoende die beste vir elke Lardie leerder te kan gee.

ARBEIDSTERAPIE

Cathy Coetzee staan aan die hoof van die Arbeidsterapie praktyk by Laerskool Elarduspark. Arbeidsterapie bied spesifieke hulpverlening t o v sensoriese-motoriese vaardighede, fyn motoriek, visuele persepsie en skolastiese probleme, bv omkerings, lees- en skriftelike probleme. Ons het ‘n volledige toegeruste speel- en werkarea met apparaat wat aangewend kan word om aan die genoemde probleme te werk.

Indien skoolgereedheid of skolastiese probleme ondersoek word, vind ‘n volledige evaluasie plaas. Indien terapie aangedui is, vind dit op ‘n weeklikse basis plaas en die volgende areas van ontwikkeling kan aangespreek word:

- Sensoriese stimulasie, bv bang vir beweging/hoogtes of ongemaklik met aanraking/ sensitief vir kledingstukke/vuil hande.
- Motoriese ontwikkeling, bv spiertonus (swak postuur), balans (lomp), balvaardighede (oog-hand koördinasie verminderd) of midlynkruising.
- Fynspier beheer, bv potloodgreep, inkleur, knip en skriftelike vaardighede (sukkel met handskrif).
- Visuele-perseptuele begrip, bv omkerings (b/d) en ruimtelike aspekte (verlesings).
- Skolastiese vaardighede, ondermeer lettervorming, lees, leesbegrip, spelreëls of wiskundige begrippe en woordsomme.
- Konsentrasie en werkstempo word gestimuleer en hulpmiddels kan voorgestel word t o v lyfies wat sukkel om stil te sit in die klas.
- Kognitiewe begrip baat by die gestruktureerde een-tot-een stimulasie.
- Emosionele ontwikkeling wat verband hou met bogenoemde.
- Sosiale ontwikkeling baat by die spelverwante aktiwiteite.

Kinders geniet die spelverwante terapeutiese stimulasie en terugvoer aan die ouers vind op ‘n weeklikse basis plaas aan die hand van foto’s en video’s. Tuisopdragte ter aanvulling van die terapie word ook aan die ouers deurgegee. Gereelde gesprekke met die leerkragte vind plaas ten einde saam aan die probleemareas te werk. Arbeidsterapie kan van mediese fondse verhaal word.



LARDIES OPEDAG